

Rapport sê

Erge krisis, maar Cele, sy boelies bly ’n grap

Teen dié tyd is daar baie min mense wat nog nie oortuig is van die erns van die Covid-19-pandemie nie.

Daarvoor het te veel mense al siek geword en te veel is dood. Die virus het net te veel ontwrigting en verlies veroorsaak.

Op bl. 4 berig ons vandag oor die vier Willemse-susters, wat binne nege dae aan Covid-19 dood is.

Verlede Sondag is die 27-jarige Samantha Stander, ’n pas afgestudeerde dokter van Cradock, aan Covid-19 dood ná ’n gesukkel om vir haar ’n hospitaalbed te kry.

Woensdag het Werner van Rensburg (57), adjunktrektor van Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch, aan Covid-19 gesterf.

Sulke stories kom sit in ’n mens se klere. Daarom dra mense ’n masker, was hul hande en staan weg van ander in die supermark-ry.

Talle mense het besluit om hierdie Kersfees in kleiner groepies fees te vier. Reeds vroeg in Desember het Sanparke kansellasies gehad in sy natuureservate weens die stygende koers van infeksies. En nog voordat die Wes-Kaapse strande gesluit is, was Kaapstad se strande heelwat stiller as gewoonlik, het JP Smith, dié stad se burgemeesterslid vir veiligheid en sekuriteit, gesê.

Die meeste Suid-Afrikaners besef ons moet ons gedrag aanpas om die druk op die gesondheidsorgstelsel te verlig, selfs al het die sluiting van strande in drie provinsies, die vervroegde aandklokkeel en die verbod op alkoholverkope wat pres. Cyril Ramaphosa Maandagaand afgekondig het baie ongerief en bekommernis veroorsaak.

Maar Ramaphosa was volgens inwoners van Lambertsbaai se munisipale kampterrein Maandagaand nog besig met sy toespraak toe is die oordbestuurder al op sy megafoon om die kampeerders te waarsku om op te pak.

Verlede Donderdagmiddag het honderde mense wat ná werk Oukersaand by hul familie wou deurbring, ’n uur lank in ’n verkeersknoop op die N14-snelweg buite Pretoria gesit by ’n padversperring, wat gereël is sonder om oorweging te gee aan wat die impak daarvan sou wees.

In Yzerfontein het die oorywerige wettoepassers sommer die parkeerterreine langs die strande gesluit en die toegang na die klein hawe versper - iets wat nêrens in enige regulasie voorgeskryf word nie.

Intussen is die minister van polisie op ’n toer na brandpunte waar hy soos ’n smalende skoolterreinboelie dreig en tart.

Eers het hy sonder enige grondige rede ’n rolprentspan verwilder wat op Kampsbaai se (toe nog oop) strand besig was om ’n advertensie te verfilm.

Die afgelope week is hy uitgelag oor ’n twiet waarin hy Suid-Afrikaners aangesê het om op 31 Desember teen 21:00 in die bed te wees.

As die fiasko om belaglike inperkingsregulasies vroeg in 2020 ons enigets geleer het, is dit dat kleinlike baasspelerigheid mense hul respek vir die reëls laat verloor.

Suid-Afrikaners is nie dwase nie. Hulle verstaan die probleem en is bereid om saam te werk om dit die hoof te bied.

Maar dan moet die reëls sin maak en dit moet eerlik en logies verduidelik word. En dit moet konsekwent toegepas word deur wettoepassers wat in ’n baie moeilike tyd op ’n menslike manier gesag afdwing.

Nie deur vingerswaaierende bullebakke wat lyk of hulle hul daarin verlustig om ander se pret te bederf nie.

Prysverhoging

Rapport se jaarlikse prysverhoging tree vandag in werking. Die nuwe omslagprys is R31 in Suid-Afrika. Die omslagprys in Namibië bly onveranderd op R59.

Teken in op Rapport teen slegs R95 per maand, of betaal R129 per maand en kry toegang tot Netwerk24 asook tuisaflewering van Rapport. – Redakteur

Kontak ons

Teken in: 087 353 1300. SMS "Rapport" na 31069. Intekenare-navrae: 087 353 1300. (Maandag tot Vrydag: 07:00-16:30. Saterdag, Sondag en openbare vakansiedae: 07:00-11:00.) SMS "diens" na 31069. E-pos: intekenare@media24.com WhatsApp: 087 353 1333 Waar kry ek Rapport? 087 741 3137 Nuuswenke: 011 713 9633 of 021 406 3228 E-pos: nuus@rapport.co.za Klagtes oor stories: Alet Wichmann 011 713 9682. alet@media24.com Redakteur: Waldimar Pelser 011 713 9633 of 021 406 3228 waldimar.pelser@rapport.co.za Nuus- en Sakeredakteur: Erika de Beer 011 713 9633 of nuus@rapport.co.za Sportredakteur: Albert Weideman 011 713 9671 of albert.weideman@rapport.co.za Beleef: Alet Wichmann 011 713 9682 of alet@media24.com Weekliks en briewe: Pieter Malan 021 406 3514 of pmalan@rapport.co.za

Hof: Eskom mag nie vrot rade se krag afsny

Die nasionale tesourie sal 'belastinggeld gebruik om skuld te betaal'

Antoinette Slabbert

Kraggebruikers wat getrou hul munisipale rekeninge betaal, hoef nie meer te vrees dat hulle in die donker gaan sit as Eskom die kragtoevoer na hul munisipaliteite afsny omdat dié nie die grootmaatrekening betaal het nie.

Dit volg ná ’n appêlhofuitspraak Dinsdag waarin beslis is Eskom moet eers wetlike meganismes gebruik om sy dispuut met die betrokke munisipaliteit te besleg alvorens hy tot so ’n stap mag oorgaan.

So ’n proses kan volgens ’n kenner dekades duur.

Die hof het gesê dit is duidelik dat die munisipaliteite nie die geld het om skuld wat opgehoop het vinnig te betaal nie en die provinsiale en nasionale regerings moet ingryp.

Op die ou end beteken dit volgens kenners bloot dat die nasionale tesourie belastinggeld sal moet gebruik om meer as 100 munisipaliteite se Eskom-skuld te betaal. Dit betloop reeds meer as R30 miljard.

Twee sake is voor die hof gebring deur die eiendomsgroep Resilient en ander sakelui in eMalahleni en die sake- en toerismekamers van Sabie, Graskop en Lydenburg in die Thaba Chweu-munisipaliteit. Sakeliga is toegelaat as vriend van die hof.

Die hof het bevind dat munisipale dienslewering in duie sal stort as Eskom die kragtoevoer afsny.

Eskom kan dit nie ignoreer nie omdat hy as staatsinstelling ’n grondwetlike plig het om fundamentele regte te bevorder en munisipaliteite te help om basiese dienste te lewer, het die hof bevind.

Voordat Eskom krag mag afsny, moet hy eers kragtens die Wet op ’n Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge probeer om die dispuut tussen Eskom en die betrokke munisipaliteit buite die hof te besleg aangesien albei staatsinstellings is.

Eskom het ook versuim om die kwessie by die nasionale tesourie aan te meld vir mediasie, soos die

wet vereis.

Die hof het die nasionale energiereguleerder (Nersa), die minister van samewerkende regering en die betrokke lid van die provinsiale uitvoerende komitee gekritiseer omdat hulle versuim het om by die hofsak be-trokke te raak en oor jare reeds hul oë sluit vir die probleem.

Die hof het ook bevind Eskom se besluit om die krag na die twee munisipaliteite af te sny was irrasioneel. Aan die een kant sê Eskom hy doen dit om uitstaande skuld in te vorder en die tempo waarteen dit toeneem te temper, maar aan die ander kant erken hy dat die munisipaliteite nie geld het om hul skuld te betaal nie.

In albei gevalle het die skuld oor meer as tien jaar opgehoop en Eskom het niks daaraan gedoen nie.

Piet le Roux, uitvoerende hoof van Sakeliga, het die uitspraak verwelkom. “Betalende kliënte moenie ly weens die mislukkings van die regering nie.”

Le Roux meen Eskom sal in die lig

Die kritieke vraag is nou waar die geld vandaan gaan kom, want Eskom het dit dringend nodig.

van die uitspraak sy beperking van kragtoevoer na verskeie dienspunte moet staak.

Eskom sê hy bestudeer nog die uitspraak, maar het sedertdien op Nuwejaarsdag aangekondig dat hy die kragtoevoer na 13 gemeenskappe in Mpu-malanga, Limpopo, KwaZulu-Natal en die Vrystaat gaan beperk.

Adv. Werner Zybrands, voormalige hoogleraar in munisipale regeer-kunde, sê die probleem van wan-funksionele munisipaliteite is diepliggend.

Weens politieke motiewe met grensafbakening is verskeie rade nie lewensvatbaar om mee te begin nie. Amptenare is weens kaderontplooiing ongekwalifiseerd en onbevoeg en die provinsiale en nasionale regering versuim om toesig te hou.

Hy sê munisipaliteite doen min aan onwettige aansluiting en baie mense wat meer verdien as die perk wat nasionale tesourie stel, kry gratis basiese dienste.

As al die betalende verbruikers se

geld asook die toelaag van die tesourie vir dienste aan hulpbehoewende inwoners aan Eskom oorbetal word, was die skuldlas aansienlik minder, sê hy.

Zybrands twyfel of die politieke wil daar is om die probleem op te los. Hy sê omdat die hof geen spertyd gestel het vir die dispuutbeslegting tussen regeringsinstellings nie, kan dit dekades duur. Die betrokke wet wat mediasie tussen verskillende staatsinstellings voorskryf, is na sy wete nog nooit so in die praktyk toegepas nie.

“Ek voorsien dat Stalingrad-tegnieke (vertragings), waarmee die ANC goed vertrou is, tot die maksimum benut gaan word.” Selfs al word ’n ooreenkoms bereik, kan die implementering jare, indien nie dekades nie, neem, sê hy.

Zybrands sê die kritieke vraag is waar die geld vandaan gaan kom, want Eskom het dit dringend nodig.

“In kort sal al die bankrot, wan-funksionele munisipaliteite se skuld aan Eskom deur die fiskus (nasionale tesourie) betaal moet word,” sê hy.

Maak reg vir nog donkerte tot Maart

Minstens fase 1-beurtkrag vir 12 weke oor Eskom se brouwerk

Antoinette Slabbert

As alles volgens plan verloop, kan Suid-Afrikaners tot in Maart minstens fase 1-beurtkrag verwag.

Suid-Afrikaners is Dinsdag - ’n dag nadat pres. Cyril Ramaphosa verdere inperkings weens die Covid-19-pandemie aangekondig het - daaraan herinner dat die virus nie die enigste voortslepende krisis is nie.

Eskom het Dinsdag en Woensdag van 22:00 tot 05:00 fase 2-beurtkrag ingestel om ’n noodreserwe op te bou vir wanneer die kragvraag na verwagting vandeedsmaand styg namate die ekonomie ná die vakansietyd weer aan die gang kom.

Vir dié noodreserwe moet pompstasies water weer berg-op pomp, gereed vir ’n volgende siklus van vrylating om krag op te wek. Gasturbines, wat met diesel aangedryf word, word ook vir noodgevalle gebruik. Eskom se dieselstoorplek is beperk en boonop is dié soort opwekking baie duur. Die kragreus probeer dus om die gebruik van dié turbines te beperk.

Teen Donderdag het Eskom aangekondig dat verdere beurtkrag eers vermy kan word omdat die reserwe genoegsaam aangevul is.

Die vraag na elektrisiteit was, soos verwag, laag tussen Kersfees en Nuwejaarsdag.

Volgens inligting wat Eskom se woordvoerder, Sikonathi Mantshantsha, op Twitter gepubliseer het, was die vraag Dinsdagaand 24 838 MW en Woensdagaand 25 040 MW.

’n Maand vantevore was dit nog 27 176 MW per dag.

Eskom het terselfdertyd ook sy beplande instandhouding verhoog wat beteken het meer as 9 000 MW kragopwekkingsvermoë is doelbewus buite werking gestel.

Dit, tesame met meer as 11 000 MW wat weens die onverwagse onklaar raak van kragsta-

Eskom se vooruitskouing vir die volgende drie maande

1 001 MW-2 000 MW Besliste tekort (fase 1-beurtkrag)
>2 001 MW Tekort (fase 2-beurtkrag)

WEEK VAN	WAARSKYNLIKE RISIKO
4 Januarie '21	
11 Januarie '21	
18 Januarie '21	
25 Januarie '21	
1 Februarie '21	
8 Februarie '21	
15 Februarie '21	
22 Februarie '21	
1 Maart '21	
8 Maart '21	
15 Maart '21	
22 Maart '21	

Bron: Eskom

Grafika24

Virus is nie enigste krisis wat voortsleep nie.

sies verlore gegaan het, het die kragverskaffing beperk.

Eskom se eie vooruitskattings wys dit gaan nog vir die volgende paar maande knap gaan.

Die waarskynlike scenario vir die volgende 12 weke toon ’n deurlopende kragtekort gelykstaande aan fase 1-beurtkrag in vier van dié weke en erger tekorte in al tien die ander weke (sien grafika).

Luidens Eskom se syfers het die beskikbaarheid van sy opweknetwerk in 2020 gedaal tot gemiddeld 65,29% teenoor 2019 se gemiddelde van 66,93%.

Sedert begin Desember was die netwerk se beskikbaarheid net meer as 60%.

Die standaard is 80% en die mikpunt in die land se plan vir geïntegreerde hulpbronne was dat die verhoogde instandhouding die netwerk teen dié tyd reeds ’n beskikbaarheidskoers van 75% moes gee.

Pasiënte ‘soos ’n golf wat nooit ophou’

Vervolg van bl. 1

Dr. Jacques Koning, ’n internis by die Netcare Montana-hospitaal in Pretoria, het aan Rapport gesê: “Die getalle met die volgende piek gaan astronomies wees. Die meeste hospitale sal hul getal beddens moet verdubbel teenoor die eerste golf.

“Ons projeksie is dat die infeksiegetalle in die volgende twee weke gaan styg en dan drie tot vier weke sal piek. In die volgende ses weke gaan dit doodsweet wees.”

Koning sê hele gesinne, ook gesinne met ekstra familieledede, word in die tweede vlaag in hospitale opgeneem. “Egpare lê saam in sale.”

Hy is nogtans nie misnoedig nie. “Daar is altyd mense wat inspring en help en uitreik. Daar is ’n toekoms.”

’n Dokter van Hermanus het aan Hendrik Hancke gesê sy vrees iets anders as uitbranding.

“Ons dokters brand nie uit nie, ons doen mettertyd moral injuries op. Dis soos soldate. Die keuses wat jy moet maak en die dinge wat jy moet doen,

los jou met letsels. Die aand van 23 Desember het twee Covid-19-pasiënte huilend en angsbevange onder my hande doodgegaan.”

’n Spesialis van ’n Gautengse Life-hospitaal het gesê dis “rowwe” tye vir dokters. “Ons uitbrand gaan nog kom, maar die ware nagmerrie is by die verpleegsters.” Hy sê daar is te min verpleegsters vir al die pasiënte. “Hulle is werklik uitgebrand.”

Die Life-hospitaalgroep het Donderdag gesê: “Ons werknemers, verpleegsters en dokters, is onder enorme stres en druk, maar hulle bly gefokus.”

’n Dokter wat een van die Life-hospitale se noodgevalle-afdeling bestuur, het aan Rapport gesê die tekort aan verpleegsters (weens siekte, isolasie of verlof) en die tekort aan beddens is ’n groot probleem.

“Ons cope op die oomblik weens ’n enkele rede: dat ons nie meer pasiënte kan inneem wat deur ambulanse gebring word nie. Ons neem die instap-pasiënte op: tussen ses en tien

per dag. Van jy inkom totdat jy huis toe gaan, sien jy pasiënte. Dis soos ’n golf wat nooit ophou nie.”

Party mense word ontslaan, maar word tuis sieker en moet terugkom. “Of hulle kom net-net reg in die hospitaal en dan raak hulle skielik weer siek. Maar ons het geleer uit die eerste golf. Ons het gesien wat werk. Dit help dalk om pasiënte gouer terug by die huis te kry.”

’n Verpleegkundige in Noordwes sê hulle ervaar al huidige vlaag as baie erger. Pasiënte is sieker en daar is ook meer jong mense in die hospitaal as die vorige keer. Pillay het ook gesê daar is nou baie meer kinders in hospitale as met die eerste vlaag.

Dr. Cloete van Vuuren, hoof van interne geneeskunde by 3 Militêre Hospitaal in Bloemfontein, sê die Vrystaat het minder infeksies as ander provinsies. “Maar die toename gaan kom. Ons het geen twyfel daaroor nie. Dokters in byvoorbeeld Kaapstad en Port Elizabeth is oorweldig. Vir hulle is dit ’n krisis.”

Verduideliking

Rapport se meningsbylae, Weekliks, het verlede Sondag ’n foto gepubliseer van Joan Burgess van Manchester, Engeland, wat die Pfizer/BioNTech-entstof teen Covid-19 ontvang met ’n onverwante, satiriese onderskrif daarby.

Dit het verskyn in ’n spesifieke ruimte op bl. 3 van dié bylae waarin ons elke week ’n foto met ’n satiriese onderskrif publiseer. Die inligting in die onderskrif was – soos elke week die geval is – denkbeeldig en nie bedoel om letterlik vertolk te word nie.

Diezelfde foto was op 20 Desember die hooffoto op Rapport se voorblad en was daar vergesel van die korrekte inligting en name (sien hiernaas). Rapport aanvaar dat die satiriese onderskrif sommige lesers verwar en aanstoot gegee het en vra daarvoor verskoning.

Rapport sal aanhou om Covid-19 en die warm debat oor entstowwe noukeurig te dek. Lees vandag se berigte daarop op bl. 4.

■ Matrieks: Minister 'laat geknoei erger klink as wat dit was' - 6

Net 3% in SA sal entstof kry

Regering swyg oor sy planne en dreig eerder opposisie

Só het die foto van Joan Burgess van Engeland wat 'n Covid-19-entstof ontvang op 20 Desember op Rapport se voorblad verskyn.